BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

20c | Donderdag 24 April 1980 | WINDHOEK | Thursday 24 April 1980 | No. 4126

INHOUD:

Bladsy

**PROKLAMASIE:**

No. AG. 7 Tweede Wysigingsproklamasie op die Nasionale Vergadering, 1980 ... 1

CONTENTS:

Page

**PROCLAMATION:**

No. AG. 7 Second National Assembly Amendment Proclamation, 1980 ... 1

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 17 April 1980)*

No. AG. 7 1980

WYSIGING VAN PROKLAMASIE AG. 21 VAN 1979, TEN EINDE VERDERE VOORSIENING IN VERBAND MET DIE BEVOEGDHEDE VAN DIE NASIONALE VERGADERING VAN SUIDWES-AFRIKA TE MAAK

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

G. van N. VILJOEN
Administrateur-generaal — Windhoek, 17 April 1980

BYLAE

*Wysiging van artikel 3 van Proklamasie AG. 21 van 1979*

1. Artikel 3 van die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979, word hierby gewysig deur na subartikel (2) die volgende subartikels in te voeg:

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 17 April 1980)*

No. AG. 7 1980

AMENDMENT OF PROCLAMATION AG. 21 OF 1979, IN ORDER TO MAKE FURTHER PROVISION IN CONNECTION WITH THE POWERS OF THE NATIONAL ASSEMBLY OF SOUTH WEST AFRICA

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

G. van N. VILJOEN
Administrator-General — Windhoek, 17 April 1980

SCHEDULE

*Amendment of section 3 of Proclamation AG. 21 of 1979*

1. Section 3 of the National Assembly Proclamation, 1979, is hereby amended by the insertion after subsection (2) of the following subsections:

"(2)*bis*(a) In hierdie subartikel het 'n uitdrukking wat ook in die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980, van die Administrateur-generaal, gebruik word, dieselfde betekenis as in daardie Proklamasie, en beteken "verskanste aangeleentheid", met betrekking tot 'n bevolkingsgroep, 'n aangeleentheid of onderwerp ten opsigte waarvan die Vergadering uit hoofde van 'n proklamasie kragtens paragraaf (b) uitgevaardig, nie bevoeg is om sonder die toestemming van die Administrateur-generaal wette te maak nie.

(b) Indien die wetgewende owerheid van 'n bevolkingsgroep by of kragtens wet gemagtig is om wette te maak met betrekking tot 'n aangeleentheid in Item 1, of in paragraaf (1), (2) of (3) van Item 2, of in Item 3, 4, 5, 9 of 15 van die Bylae by genoemde Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980, omskryf, kan die Administrateur-generaal van tyd tot tyd by proklamasie in die *Offisiële Koerant* verklaar dat, behoudens die bepalings van paragraaf (c)(i) van hierdie subartikel, die Vergadering vanaf 'n datum in die proklamasie vermeld nie bevoeg is om wette met betrekking tot die betrokke aangeleentheid, of tot 'n onderwerp wat onder daardie aangeleentheid val en in die proklamasie omskryf word, te maak nie.

(c) Ondanks die feit dat 'n aangeleentheid of onderwerp 'n verskanste aangeleentheid vir 'n bepaalde bevolkingsgroep is —

(i) kan die Vergadering wette met betrekking tot daardie aangeleentheid of onderwerp maak met die toestemming van die Administrateur-generaal vooraf in elke bepaalde geval verkry;

(ii) is 'n wet deur die Vergadering in verband met die ooreenstemmende aangeleentheid of onderwerp met betrekking tot 'n ander bevolkingsgroep of persone in die algemeen gemaak, op of ten opsigte van 'n lid van daardie bepaalde bevolkingsgroep van toepassing vir sover daardie lid van 'n diens wat kragtens so 'n wet verskaf word, gebruik maak of ingevolge so 'n wet, hetsy uit hoofde van die lewering van so 'n diens aan hom of 'n ander persoon, of op 'n ander wyse, 'n reg, plig, verpligting of aanspreeklikheid verkry of oploop.

(d) Die Administrateur-generaal mag nie —

(i) 'n proklamasie kragtens paragraaf (b) met betrekking tot 'n bepaalde bevolkingsgroep uitvaardig nie; of

"(2)*bis*(a) In this subsection any expression which is used also in the Representative Authorities Proclamation, 1980, of the Administrator-General, bears the same meaning as in that Proclamation, and "entrenched matter", in relation to any population group, means any matter or subject in respect of which the Assembly, by virtue of a proclamation issued under paragraph (b), may not make laws without the consent of the Administrator-General.

(b) If the legislative authority of a population group is empowered by or under any law to make laws in relation to any matter defined in Item 1, or in paragraph (1), (2) or (3) of Item 2, or in Item 3, 4, 5, 9 or 15 of the Schedule to the said Representative Authorities Proclamation, 1980, the Administrator-General may by proclamation in the *Official Gazette* from time to time declare that, subject to the provisions of paragraph (c)(i) of this subsection, the Assembly, as from a date specified in the proclamation, may not make laws in relation to the relevant matter, or to any subject falling under that matter and defined in the proclamation.

(c) Notwithstanding the fact that any matter or subject is an entrenched matter for a particular Population group —

(i) the Assembly may make laws in relation to such matter or subject with the prior consent of the Administrator-General obtained in each particular case;

(ii) any law made by the Assembly in connection with the corresponding matter or subject in relation to any other population group or persons generally, shall apply to or in respect of a member of that particular population group in so far as such member makes use of a service provided under any such law, or acquires or incurs in terms of any such law, whether by virtue of the rendering of any such service to him or to any other person, or in any other manner, any right, duty, obligation or liability.

(d) The Administrator-General may not —

(i) issue any proclamation under paragraph (b) in relation to a particular population group; or

(ii) 'n proklamasie aldus uitgevaardig, wysig of herroep nie; of

(iii) die toestemming in paragraaf (c)(i) beoog, verleen nie,

behalwe op versoek van die uitvoerende owerheid van die betrokke bevolkingsgroep, wat, in die geval van die aldus beoogde toestemming, gedoen word ingevolge 'n besluit van die wetgewende owerheid van daardie bevolkingsgroep.

(e) Die Vergadering kan nie 'n wetsontwerp, of 'n bepaling van 'n wetsontwerp, wat betrekking het op 'n omskrewe aangeleentheid ten opsigte waarvan die wetgewende owerheid van 'n bevolkingsgroep wette kan maak maar wat nie 'n verskanste aangeleentheid vir daardie bevolkingsgroep is nie, aanneem nie tensy —

(i) 'n konsep van die wetsontwerp minstens dertig dae voor die datum waarop die wetsontwerp by die Vergadering ingedien word, in die *Offisiële Koerant* gepubliseer is; of

(ii) die Vergadering by boodskap van die Administrateur-generaal meegedeel is dat 'n konsep van die wetsontwerp of van die betrokke bepaling daarvan, na gelang van die geval, aan die uitvoerende owerheid van die betrokke bevolkingsgroep voorgelê is: Met dien verstande dat die Administrateur-generaal nie so 'n boodskap sonder die instemming van daardie uitvoerende owerheid aan die Vergadering stuur nie, tensy bedoelde konsep minstens dertig dae voor genoemde datum aan daardie uitvoerende owerheid per pos gestuur is of aan 'n lid of beampte daarvan afgelewer is, of daardie uitvoerende owerheid die Administrateur-generaal voor daardie datum verwittig het dat die uitvoerende owerheid geen beswaar teen die konsep het nie.

(f) Die bepalings van paragraaf (e) is nie van toepassing nie ten opsigte van enige wysiging van die konsep van 'n wetsontwerp of 'n bepaling daarvan nadat dit soos in daardie paragraaf beoog, gepubliseer, gestuur of afgelewer is, ongeag of sodanige wysiging voor of na die indiening van die wetsontwerp by die Vergadering aangebring of voorgestel word.

(g) 'n Wet van die Vergadering, of 'n bepaling van so 'n wet, wat op 'n omskrewe aangeleentheid in paragraaf (e) bedoel, betrekking het, word na die verstryking van 'n tydperk van sestig dae vanaf die datum waarop dit ingevolge artikel 19(1) in die *Offisiële Koerant* afgekondig is, geag ooreenkomstig die bepalings van daardie paragraaf aangeneem te wees, tensy 'n regsge-

(ii) amend or repeal any proclamation so issued; or

(iii) grant the consent contemplated in paragraph (c)(i),

save at the request of the executive authority of the population group concerned, which, in the case of the consent so comtemplated, shall be made in pursuance of a resolution of the legislative authority of that population group.

(e) The Assembly may not pass any bill, or any provision of a bill, which relates to a defined matter in respect of which the legislative authority of a population group may make laws but which is not an entrenched matter for that population group, unless —

(i) a draft of the bill was published in the *Official Gazette* at least thirty days before the date on which the bill is introduced in the Assembly; or

(ii) the Assembly has been informed by message of the Administrator-General that a draft of the bill or of the relevant provision thereof, as the case may be, was submitted to the executive authority of the population group concerned: Provided that the Administrator-General shall not send any such message to the Assembly without the concurrence of that executive authority unless such draft was sent by post to that executive authority, or was delivered to any member or officer thereof, at least thirty days before the said date, or that executive authority has notified the Administrator-General before that date that it has no objection to such draft.

(f) The provisions of paragraph (e) shall not apply in respect of any amendment of the draft of any bill or any provision thereof after it was published, sent or delivered as contemplated in that paragraph, irrespective of whether such amendment is made or moved before or after the date of the introduction of the bill in the Assembly.

(g) Any law of the Assembly, or any provision of such a law, relating to a defined matter referred to in paragraph (e), shall after the expiration of a period of sixty days as from the date of its publication in the *Official Gazette* in terms of section 19(1), be deemed to have been passed in accordance with the provisions of that paragraph, unless legal proceedings for the annulment of

ding vir die ongeldigverklaring van die wet of die betrokke bepaling daarvan op grond daarvan dat dit nie aldus aangeneem is nie, voor die verstryking van daardie tydperk in die bevoegde hof ingestel is, en geen sodanige regsgeding kan ingestel word nie behalwe deur of op gesag van die uitvoerende owerheid van 'n bevolkingsgroep in daardie paragraaf bedoel.

(2)*ter* Die Vergadering kan nie 'n wetsontwerp, begrotingspos of voorstel oorweeg of aanneem nie wat die uitwerking het of sal hê —

(a) dat 'n deel van die Sentrale Inkomstefonds beskikbaar gestel word; of

(b) dat aan enige persone 'n belasting, reg, heffing of las opgelê word,

tensy die wetsontwerp, begrotingspos of voorstel eers deur die Administrateur-generaal by die Vergadering aanbeveel is tydens die sitting waarin dit ingedien of voorgestel word.".

*Kort titel*

2. Hierdie Proklamasie heet die Tweede Wysigingsproklamasie op die Nasionale Vergadering, 1980.

such law or the relevant provision thereof on the ground that it was not so passed have been instituted in the competent court before the expiration of such period, and no such proceedings may be instituted except by or on the authority of the executive authority of a population group referred to in that paragraph.

(2)*ter* The Assembly may not consider or pass any bill, vote or motion which as or would have the effect —

(a) of appropriating any part of the Central Revenue Fund; or

(b) of imposing any tax, duty, due or charge or burden upon any persons,

unless such bill, vote or motion has first been recommended to the Assembly by the Administrator-General during the sitting in which it is introduced or moved.".

*Short title*

2. This Proclamation shall be called the Second National Assembly Amendment Proclamation, 1980.

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK
P.O. Box 2196, Windhoek
South West Africa